higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

AANLEG EN TOERUSTING
NKR VLAK 2

(12030052)

20 November 2024 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

332Q1N2420

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
AANLEG EN TOERUSTING
NKR VLAK 2
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs 'n swart of 'n blou pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: INLEIDING TOT AANLEG EN TOERUSTING

1.1 Gee DRIE redes waarom dit belangrik is om toerusting in die boubedryf te versorg en na om te sien. (3)

1.2 Noem TWEE belangrike periodes in die geskiedenis van vroeë tegnologie met betrekking tot gereedskap en masjiene. (2)
[5]

VRAAG 2: WETGEWING EN VEILIGHEIDSREGULASIES

2.1 Goeie huishouding by die werkplek is 'n wetlike vereiste wat daagliks nagekom moet word sodat die werkplek 'n veilige en produktiewe omgewing is.

Noem VYF nagevolge van swak huishouding. (5)

2.2 Noem TWEE belangrike aspekte wat die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid Nr. 85 van 1993 met betrekking tot konstruksiewerkers bepaal.
(2 × 2) (4)

2.3 Noem VYF opskrifte wat by die skryf van 'n ondersoekende verslag gebruik moet word. (5)

2.4 Skryf die afkorting, SEMS, voluit. (1)
[15]

VRAAG 3: NOODHULP

3.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.5) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

3.1.1 Bedreigings mag lewensverlies, beserings en omgewingskade veroorsaak.

3.1.2 Dit is belangrik dat 'n persoon wat in 'n ongeluk beseer is, kalm bly.

3.1.3 Kunsmatige asemhaling is 'n tegniek om bloed aan 'n persoon wat nie asemhaal nie, te verskaf.

3.1.4 Wanneer 'n persoon in skok is, verander die kleur en toestand van die vel.

3.1.5 'n Geslote fraktuur is waar die vel oor die fraktuur stukkend is.
(5 × 1) (5)

3.2 Noem die stappe wat nagekom moet word wanneer 'n beseerde persoon wat nie enige vermeende beserings aan die kop of ruggraat het nie, gedraai moet word. (5)

3.3 Noem VYF nooddienste wat hulp verleen wanneer 'n ongeluk plaasvind. (5)
[15]

VRAAG 4: HANDGEREEDSKAP

4.1 Definieer die volgende begrippe wat in Aanleg en Toerusting Vlak 2 gebruik word:

4.1.1 Ambag

4.1.2 Dagha

4.1.3 Poligoon

(3 × 2) (6)

4.2 Noem TWEE maniere waarop die volgende gereedskap in stand gehou en versorg moet word:

4.2.1 Lugbelwaterpas

4.2.2 Nonius (‘Vernier’)

4.2.3 Maattroffel

4.2.4 Industriële kruiwa

4.2.5 Pypskroef

(5 × 2) (10)

4.3 Noem DRIE tipes troffels wat deur bouers gebruik word. (3)

4.4 Noem 10 stappe in die skerpmaakproses van 'n lem of 'n vlak. (10)

4.5 Skryf die afkorting, HSS, voluit. (1)
[30]

VRAAG 5: LERE

5.1 Beskryf die korrekte prosedure vir die opstel van 'n reguit of skuifleer. (3)

5.2 Noem VYF gevolge daarvan as 'n mens te vêr strek wanneer jy 'n leer gebruik. (5)

5.3 Definieer die term, *bouhyser* (*'builder's hoist'*). (2)
[10]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6: BOUBOKKE, TOEGANGSTEIERWERK EN MOBIELE TORINGS

6.1 Die leier van die steierwerkspan moet opgelei word om die algemeenste oorsake van sterftes en beserings in die boubedryf te minimeer, en om ander vaardighede en kennis op te doen.

Noem AGT opleidingsmodules wat 'n leier van 'n steierwerkspan kan voltooi. (8)

6.2 Noem SES komponente van steierwerk. (6)

6.3 Verduidelik hoe om 'n bokwerkplatform ('builder's trestle working platform') te inspekteer. (3)

6.4 Noem VIER riglyne om in ag te neem wanneer 'n mobiele toring in ooreenstemming met die SANS-vereistes geskuif word. (4)

6.5 Definieer die volgende begrippe wat in Aanleg en Toerusting Vlak 2 gebruik word:

6.5.1 Mobiele toring

6.5.2 Oorhandigingsertifikaat

(2 × 2) (4)

[25]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou